Helderstem

Sondagaankondigings en Nuusblad vir Helderberg Gemeente 21 Januarie 2018 Jr. 7 Nr. 2
www.nghelder.co.za - 021 851 5582 - kommunikasie@nghelder.co.za

"RESTART"

Genadejaar van die Here

Oud en jonk, almal van ons, weet onmiddellik waarvan jy praat as jy die "restart" gebruik. In die digitale eeu waar baie van ons afhanklik is van rekenaars en slimfone is een van die wonderlikste funksies wat al tot baie se redding gekom het: Die "restart"-funksie. "If everythings fails, restart" – hierdie opmerking hoor 'n mens nogal gereeld.

Dit is natuurlik ook 'n Bybelse beginsel.

In die antieke samelewing van Israel was daar eintlik net één manier waarop daar heling in die samelewing gekom het: As die Genadejaar, wat elke sewende jaar is, toegepas sou word en 'n baie groot Jubeljaar elke 50ste jaar. Met sy "intreepreek" kondig die Here Jesus ook die genadejaar aan (Luk 4:19). Daarmee verklaar Jesus: Ek het gekom om heling, herstel te bring.

Helderberg Gemeente het 'n genadejaar nodig waartydens ons net weer tot rus kan kom - 'n rus by God. Ons het nodig om net weer te (her)ontdek wie God is, wie ons is en waarheen God met ons oppad is. Eintlik om weer te fokus op dit wat werklik saak maak; dit wat op God se agenda vir ons is; om deur die Gees van die Here gelei te word; aan Hom alleen gehoorsaam te wees.

Eerskomende Sondag, 21 Januarie 2018, druk ons as gemeente die "restart"-knoppie en help ons mekaar om die jaar te begin met die fokus op God. Op Sondag, 28 Januarie 2018 wil ons fokus op voorbeelde van mense, soos Josua, wat 'n besliste keuse gemaak het: "Wat my en my familie betref, ons sal die Here dien. Op Sondag, 11 Februarie wil ons mekaar prakties help om werklik te "restart".

"Restart!"

Sondag 21 Januarie

Genadejaar van die Here - "Restart"
Luk 4:16-21

08:00 Meditatief	Breda Ludik
08:00 Klassiek	Danie O'Kennedy
09:30 Meditatief	Breda Ludik
09:30 Informeel	Paul Barnard en Lizette Louw
09:30 Jeugaktiwiteite	
09:00 Hoop Geloofsgem	Danie Möller
10:00 HB Village	Danie O'Kennedy
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00Tienerkerk	Paul Barnard
19:00 Aandkerk	Danie O'Kennedy

Deurkollekte: Mosambiek Geletterdheid

Getuienisgeleentheid:

Mosambiek Geletterdheid
Projekleier: Bertus van Schalkwyk
vanschalkwykbertus@gmail.com of
082 779 5244

WiFi

Aanteken - NG-Guest
Wagwoord - ch5-rATh

Bid saam met ons vir die volgende:

Mia Cara Ferreira - (6 jr) leukemia - behandeling in VSA
Sonja Kruger - gewas
Rehanna Nolte - beenkanker
Johannes Esterhuizen (jnr) - leukemia
Johan en Engela Krüger - herstel
Rinie Victor - herstel
Daniel Benade - hartklep operasie
Toy Verster - herstel
Annalise Wiid - herstel na operasie
Suzette Retief - beroerte
Elby Meyer - kanker

Rou:
Ons dink aan Hans Krijt en familie, sy ma is oorlede
Hester Brink - ons dink aan haar familie
André de Smidt - ons dink aan sy vrou Lizanne, seuntjie en familie

Sondag 28 Januarie

Ja Here!
Josua 24

08:00 Meditatief	Breda Ludik
08:00 Klassiek	Hannes Theron
09:30 Meditatief	Breda Ludik
09:30 Informeel	Paul Barnard en Lizette Louw
09:00 Jeugaktiwiteite	
09:00 Hoop Geloofsgem	Danie Möller
10:00 HB Village	Hannes Theron
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	Paul Barnard
19:00 Aandkerk	Danie O'Kennedy

Wat gebeur die week:

Dinsdag 23 Januarie
06:00 Gesels en bid vir ons land - Tent
17:30 Eredienswerkgroep - Kapel

Donderdag 25 Januarie
09:30 Bybelstudie gesamentlik

Neem kennis

Bybelstudie:

25 Januarie 09:30: Bybelstudiegroepe gesamentlike byeenkoms in Kapel.
Die materiaal van die nuwe kwartaal sal dan ook beskikbaar wees.

Nuwe Bybelstudiegroep in Helderberg Village

Alle belangstellendes word genooi na 'n nuwe Bybelstudiegroep Donderdae om 10:00 by Kilberry in Helderberg Village.
Eerste byeenkoms is op Donderdag 25 Januarie.
Navrae: Danie Möller (083 375 8444)

Nuwe omgeegroep

Senior burgers (65+): Soek belangstellendes in die **ooste** kant van die Lourensrivier. Kontak Olivia Hurst by 072 687 0093 of 021-851 1320 indien jy belangstel.

Wil jy saam bid?

Dinsdagoggende van 06:00 tot 06:45 gesels en bid ons in die Tent vir ons land en gemeenskap.

Elke **2de Woensdag** in die Kapel om 8:15 – 9:00 begin 24 Januarie, bid ons saam vir ons land, kerk, gesinne en gemeenskap. Hierdie gebedsgroep is al 33 jaar aan die gang en daar is soveel getuienisse van die krag van gebed oor die jare. Ons nooi jou uit om aan te sluit en deel te word van hierdie kragtige bediening. Navrae: Chris Theron, 021-851 2828 / 074 761 7638

Baie welkom aan die volgende nuwe lidmate:

Elbé Klopper - Welgemoed
Erno en Charlene van der Westhuisen met hul seuns Ernst en Andries - Kakamas
Ewan Jansen van Rensburg - Hottentots-Holland
Marietjie Oswald - Stellenbosch, Welgelegen
Milané en Nita-Mari Coetzee - Sondagsrivier (Kirkwood)
Peet en Etta van der Walt - Kimberley-Vooruitsig
Sabet van der Westhuizen - Stellenbosch

Mosambiek Geletterdheid

Ons groet vandag vir Niehan en Carmen Koekemoer na vier jaar se diens in Mosambiek. Dankie vir julle kosbare werk! Hulle getuig soos volg oor hulle tyd in Milange:

"Wanneer ons terug kyk op ons tydperk in Milange kan ons dit opsom as `n tydperk van *nader-beweeg* aan die Vader.

Uit al ons ervarings daar, kan ons getuig dat mens nie anders kan as om in `n dieper verhouding met ons Vader te beweeg wanneer jy betrokke raak by dit wat vir Hom belangrik is nie. Mense is vir Hom belangrik. Mense se lief en leed en `n verhouding met ons is uiteraard die enigste inskrywings in Sy baie besige dagboek.

As Jesus se dissipels gaan dit nooit oor wat mens kan kry nie, maar oor wat mens kan gee. Oor die afgelope vier jaar kon ons Jesus se liefde vir die Mosambiekers gee en deur julle betrokkenheid kon 3 569 kinders in die bosskole leer lees en skryf en van Jesus hoor. Die kleuterskool in Milange is iets wat self-volhoubaar voortgaan waar 80 kinders per jaar vir Jesus deur die Mosambiekers self bereik word."

Gebedsversoeke:

- Verdere leiding vanaf die Here vir die uitbreiding van Sy Koninkryk in die verre Noord-Ooste van Mosambiek d.m.v `n kleuterskool by `n bestaande sendingpaar in Quionga.
- Voortgaan en finansiële voorsiening vir vyf bosskole (een self-volhoubaar) vir 900 kinders in Milange area in 2018.

Projekleier: **Bertus van Schalkwyk**
Epos: vanschalkwykbertus@gmail.com

Helderberg UITREIK

Soul Coffee

Daar is altyd 'n goeie rede om tyd te maak vir lekker, goeie, smaakvolle koffie. Ons is opgewonde oor Soul Coffee wat vanaf hierdie Sondag vir ons lekker koffie beskikbaar gaan stel. Kom kuier saam en versterk vriendskappe. Jy kan ook vir jou 'n lekker *Americano* en *Cappucino* bestel vanaf R20. Kontant- en kaartfasiliteite is beskikbaar.

Eredienste *restart* ook...

2018 is hier met ‘n groot “Restart”. Gedurende laasjaar het ons baie terugvoer gekry oor ons eredienste. Die Aanbiddings-bediening wil graag hierdie jaar saam met julle ‘n pad stap om ons eredienste werklik ‘n plek van aanbidding te maak gerig op die verskillende maniere hoe ons God spiritueel ervaar.

Ons is besig om te droom en gaan in die tyd nuwe elemente inbring. So as dinge dalk so bietjie anders voel of lyk, droom saam met ons en gee vir ons terugvoer.

Die eredienste is ‘n plek om die Here te ontmoet, om mekaar te ontmoet en saam te ervaar en te gee. Mag die *restart* van 2018 ook ‘n *restart* in die hart van ons eredienste wees. En as jy nuut is, gaan ervaar die verskillende tipe dienste en vind ‘n plek waar jy tuiskom in aanbidding.

Stuur gerus ‘n e-pos aan aanbidding@nghelder.co.za

Jeugaksie begin vandag

Hartlik welkom aan al ons kleuters, graad 1 – 6’e en ons tieners.

Ons sluit aan by die gemeente se tema “RESTART”. Daar is opwindende dinge wat hierdie jaar gebeur soos Pneumatix studente en drie teologie studente wat betrokke gaan wees by ons bediening.

Ons priotiteit en fokus vanjaar gaan wees om, soos Jesus, verhoudings te bou en ons jeug geestelik te versorg.

Kiddie- en Tekkiekerk vind gelyktydig om 9:30 plaas waarna hulle in kleingroepe verdeel.

Lokaalindelings is as volg:
Kleuters (3 – 6 jaar): Kleuterkerksentrum in Efese en Joppe
Graad 1: Patmos (lokaal langs die Kleuterkerk)
Graad 2 & 3: Tent
Graad 4 – 6: Jeugsentrum

Tienerkerk begin vanaand om 18:00 in die kerkruim en daarna volg die dissipelskapgroepe tot 20:00.

Wil jy ook betrokke raak by ons Jeugbedining? Kontak vir Annette Botha by fbadmin@nghelder.co.za of 021-851 5582

Hoe gaan dit met Mia Cara?

Mia Cara Ferreira is tans by CHOP (Children's Hospital of Philadelphia) vir *Car T-cell* behandeling. Ongelukkig kon dit nog nie begin nie weens nog 'n terugslag. Mia Cara het op 28 Desember 2017 gegaan vir roetine bloedtoetse by die Rooikruis Kinderhospitaal en moes toe die slegte nuus kry dat sy vir die derde keer 'n terugslag gehad het. Chemo (baie sterk) het dadelik begin en planne om 29 Desember VSA toe te vertrek was eers op ys.

Kankerselle is opgespoor in haar beenmurg en spinale vloeistof. José en Sumien het gevra dat almal sal bid vir Mia Cara. 'n Gebedsketting is gevorm en mense van oral oor het saam gebid en dié familie aan die Here opgedra.

Op 31 Desember kom die goeie nuus dat Mia Cara se kankersel-telling begin daal, gepaard met erge koors, kopseer en naarheid hou die klein vegtertjie aan met veg. Toe op 3 Januarie kon die Ferreira-gesin vertrek na die VSA.

Daar was 'n vensterperiode waarin Mia Cara sou kon vlieg en die hospitaal hier het haar voorberei op die vlug. CHOP se ambulans sou gereed staan om haar op die lughawe daar te ontvang. Toe 28 uur later kon Mia Cara per ambulans na CHOP vertrek. Op 11 Januarie verneem hul dat daar steeds baie kankerselle teenwoordig is en Mia Cara moet weer met chemo begin. Die *Car T-cell* behandeling kan nog nie begin nie. Dit het ongelukkig baie finansiële implikasies.

Daar word fondse ingesamel vir Mia Cara se behandeling en as jy ook wil betrokke raak kontak gerus vir Annette Gerber by 082 545 7718 of annettegerber1@gmail.com of admin@hopeformiacara.com. Volg gerus Mia Cara se Facebook bladsy: Hope For Mia Cara of besoek gerus haar webtuiste: www.hopeformiacara.com

Word jy geraak deur dood, egskeiding of enkelouerskap?

Harmony-projek begin vanaf 15 Februarie om 17:30 in die Tent met die volgende 13 week-siklus kursusse in **GriefShare; Single&Parenting; DivorceCare en DC4Kids.** Die inter-kerklike programme is gegrond op Bybelse waardes wat volwassenes en kinders toerus en ondersteun wat geraak word deur die veranderinge in die familie struktuur.
Kyk op **http://www.churchinitiative.org/** vir meer inligting

Ons eet vanaf 17:30 lekker saam in die Tent en dan begin die onderskeie programme om 18:00 - 20:00. Moenie alleen hierdie pynlike pad loop nie – daar is mense wat verstaan en jou kan ondersteun. Kom word gerus deel van ons "familie" - enigeen is welkom, ook nie-lidmate.

Kontak ons ook gerus as jy op 'n ondersteunende manier wil betrokke raak as donateur of adviseur, Annette Botha by harmonyhelderberg@gmail.com

Waar kan jy 'n verskil maak?

Loop saam - Pêrelprojek

Kom maak 'n verskil en sluit aan as vrywilliger by die Pêrelprojekspan in 2018

Ons benodig mense vir :

- **Finansiële administrasie** van die projek. Ongeveer 2 ure per week
- Die **ontwikkeling van verskeie handvaardigdede** vir skoolgaande kinders. Ongeveer 2 ure per week per groep.
- **Maandeliks voedselaankope** vir ons crèches**.** Ongeveer 4 ure per maand.

Kontak asb vir Maria Kirsten by 082 703 3742
of Frederike van Schalkwyk 076 177 6256

As jy kan lees kan jy….Uyavula

- Vreugde gee vir kinders
- Waarde toevoeg
- Liefde gee (en nóg meer terugkry)

Uyavula leesprojek vra: Kom lees asseblief 'n storie vir 'n halfuur per week, vir skoolkinders.
Kontak: Amanda de Villiers, 072 874 0147, manda.devilliers@gmail.com

Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 (tjek)
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing Naam of bediening
Navrae Antoinette du Toit
021- 851 5582

Kerkkantoorure
Weeksdae: 08:00 - 19:00
Vrydae: 08:00 - 13:00
Sondae: 08:30 - 11:30
Skoolvakansie: 8:00 - 13:00

Helderberg Uitreik
Bankbesonderhede vir Art 18A.
ABSA Helderberg Tak: 632005
Rek nr. 9114483080
Spaarrekening
Verwysing: Projeknaam of WBB

Helderberg NG Gemeente
021 851 5582
www.nghelder.co.za
Leraarnoodnommer
083 988 2003
ontvangs@nghelder.co.za
Beradingsentrum:
Telefoon: 079 417 3863
helderhelp@gmail.com

SnapScan

Helderberg Gemeente

SnapScan

Helderberg Uitreik
Artikel 18A

Versorgingsfonds, ons is dankbaar vir ondersteuning

Gesinne in nood in ons gemeente word finansieel en maatskaplik deur die Versorgingsfonds ondersteun.
Dankie vir getroue bydraes.

Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 - tjek
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing *Versorgingsfonds*